Stella straat

Romeine 8:18-39

"Veredeling"



Tuis-Adoramus 26 Julie 2020

Geskryf deur Willem Nicol

TEKS: Romeine 8:18-39

TEMA: "Veredeling"

Liewe Adoramusvriende,
Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

ONS LUISTER na 'n koorwerk wat ons daaraan herinner dat die wêreld verskriklik vol lyding is: https://www.youtube.com/watch?v=4jPeSTZWb-U

GEBED

Here, ons God, ons verkeer in 'n situasie van totale onsekerheid en verskriklike lyding.
Ons smeek om u lig.
Ons vra: Laat u teenwoordigheid ons deurdring.
Amen.

WOORDKUNS

(Wil my hart meeresoneer met hierdie woorde?)

Ruwe storme breek in woede,
alles om my heen is nag.
Tog hou God my in sy hoede –
Hy hou oor my heil die wag.
Kan ek soms sy hulp nie sien nie,
of sy liefde ooit verdien nie,
sal sy Gees my altyd lei –
Hy staan my in alles by.

INLEIDING

Ek het Romeine 8:18-39 sterk verkort om dit makliker te maak om Paulus se argument te volg. Teen die agtergrond van die gedeelte staan Paulus se verwagting dat God uiteindelik iets nuuts gaan doen: Hy gaan die skepping vernuwe sodat die rampspoed en lyding daaruit verdwyn, en Hy gaan sy kinders "gelykvormig" maak aan die "beeld van sy Seun".

Vir Paulus is dit eenvoudig 'n gegewe waaroor geen verdere vrae gevra hoef te word nie: Die skepping is vol rampe, teenspoed en lyding. Die skepping sug en ons mense sug saam. Waar is God? Hy maak Hom nie los van die lyding nie, maar sug ook saam. (Dis die "versugtinge" van die Gees.)

Wat kan ons nou sê? vra Paulus. Een groot werklikheid: In al ons voor- en teenspoed, selfs die heel ergste lyding, is daar niks wat ons kan skei van die goedgesinde teenwoordigheid, die liefde, van ons Vader nie. En meer as dit: As die swaarkry nou eenmaal daar is (dis nie sy keuse nie), gebruik Hy dit tot ons voordeel, laat Hy dit ten goede vir ons meewerk. Hy maak daarvan 'n smeltkroes wat ons metaal veredel.

Om maar een ding te noem: Ons is geneig om te lewe met die illusie dat ons elkeen 'n aparte entiteit is en aan onsself behoort. Die werklikheid is dat ons elkeen diep met God verbonde is. Hy hou ons aan die lewe en vervul ons met sy Gees. In dié sin is ons met Hom verenig en

verbonde met alle dinge. Nie so apart soos ons dink nie. God wil al ons swaarkry gebruik om ons te help om uit dié illusie uit te groei.

SKRIFLESING: ROMEINE 8:18-39 (VERKORT)

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.
Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.
En nie net die skepping nie, maar ook ons, ons sug ook.
Die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.
Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. [Hy het ons] bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun.
Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

EIE MEDITASIE

'n Mens kan vir ’n tyd tot rus kom, luisterend na ’n woord of frase wat jou raak.

VRAE WAAROOR VERDER NAGEDINK KAN WORD

- Ons kan Paulus dalk soos volg verstaan: God sit nie agter die teenspoed nie, maar sugtend saam met ons daarin. Hoe voel jy daaroor?
- Wat is tans vir my die swaarste?
    - Hoe voel ek daaroor?
    - Wat is my houding teenoor dié gevoel?
- Hoe beleef ek die liefde van God in my swaarkry?
- Waarmee is die Here tans in my lewe besig – en gee ek mee, beweeg ek saam?

WOORDKUNS

Werktuigkundige (SJ Pretorius)

Die lewe gaan sy kringloop op die swart
bank van die ewigheid, God druk die hart
versigtig daarop vas en slyp dit met
die donker, skerp klein helsteen van die smart.

Filippense 4:11

Ek het geleer om in alle omstandighede tevrede te wees.
Ek is in elke opsig in al hierdie dinge ingewy:
om versadig te wees, sowel as om honger te ly;
om oorvloed te hê, sowel as om gebrek te ly.
Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

GEBED (anoniem)

Here Jesus,
miskien sal ek nooit, soos U voorspel het,
sien hoe die son verduister en die maan sy lig verloor,
hoe die sterre uit die hemel val,
en die kragte van die hemelruim ontwrig word nie.

Tog is daar tye wanneer my persoonlike wêreld
net so drasties uitmekaarval
en die fondamente van alles waarin ek glo,
kraak en disintegreer.
Dis dán, Here – soos nou –
dat ek vra vir genade
om te bly glo dat u krag en liefde
ten spyte van die onrus en spanning in my lewe,
en oral rondom my,
steeds aan die werk is.

Lei my om te onthou
dat U sterker is as alle bose magte,
en dat die helende krag van u liefde
ons ewig vashou.

ONS LUISTER na 'n voorbeeld van die houding wat 'n lydende gelowige kan inneem:
https://www.youtube.com/watch?v=WzmhttiaMis

SEËNBEDE

Vader, ons vra dat u goedheid en guns wat u Seun vir ons ontsluit het en u Gees na ons bring ons sal dra en deurdring in al ons voor- en teenspoed.
Amen.